# Paasfees, Pasga, Plae en die Paashaas ...

## Dag 1 ( lees Eks 3:1 – 7:13)

**Agtergrond:**

Tydens Paasfees eet ons paashase, paaseiers en "hot cross buns" en raak ook stil met Goeie Vrydag en Opstandings-maandag ... maar wat is die geskiedenis van als?

Ons Paasfees vind plaas dieselfde tyd wat die Jode die Pasga vier ("Pesach" in Hebreeus en"*Passover"* in Engels). Tydens dié fees herdenk die Jode die feit dat God die Israeliete van slawerny in Egipte (genoem Mietsrayiem deur die Jode) bevry het. In die boek Eksodus lees ons dat God die kinders van Israel gehelp het deur tien plae oor die Farao en die Egiptenare te stuur.

Die tiende en laaste plaag was die dood van die eersgebore seuns. Waar geen van die ander plae die Israeliete en hul lewende hawe geraak het nie, kon hierdie plaag hul egter tref indien hul nie op God vertrou het nie. Die enigste beskerming wat hul gehad het, was om die bloed van `n geslagte lammetjie aan die lintel en kosyne van hul deure te smeer. Wanneer die engel van God dié bloed gesien het, het hy verby die huis beweeg en vandaar die naam van dié fees (Eks 12:23 in die NLT vertaling: "For the LORD will pass through the land to strike down the Egyptians. But when he sees the blood on the top and sides of the doorframe, the LORD will *pass over* your home. He will not permit his death angel to enter your house and strike you down.")

Tydens Paasfees kyk ons, as Christene, dan terug na Jesus se kruisdood, waar ons losgekoop is, deurdat Sy bloed vir ons gevloei het en hy drie dae later uit die dood opgestaan het. Jesus is die Lam wat vir ons geslag is, bestem deur die Vader dat dit moes gebeur in die tyd wat die Jode die Pasga in Jerusalem gevier het. Die Skrif bevestig dit ook in 1 Kor 5:7: "Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus."

**Het jy geweet?**

Paassondag is altyd die 1ste Sondag na die 1ste volmaan na of op die 21ste Maart. Indien die 1ste volmaan dan op `n Sondag is, is Paassondag die 1ste Sondag daarna.

**Wat was die doel van die Tien Plae?**

Die woord 'plaag' is die Afrikaanse vertaling van die Hebreeuse woord "neghah" wat beteken "to touch, to reach, to strike violently, to bring down". Die plae, soos beskryf in Eksodus 7 – 12, was tien rampe wat deur God oor Egipte gestuur is om die Farao te oorreed om die Israeliete vry te laat.


Teen die tyd dat God vir Moses gestuur het om met die Farao te praat, was die Israeliete al vir omtrent 430 jaar in Egipte. Hulle het van God geweet en Hom gedien, maar nie meer geloof in Hom gehad dat Hy hulle wil, of sal bevry uit slawerny nie. Die Egiptenare daarenteen, het geglo dat elke krag in die natuur deur `n god beheer word, bv die songod, katgod, Nylgod, skaapgod, ens. Die tekens wat God aan Moses toevertrou het om hom outoriteit te gee (sien Eks 3:20) en ook die Tien Plae, is deur God ontwerp en gebruik om:

- Israel te red en hulle na die Beloofde Land te neem (sien Eks 3:8-10; 19-20)
- Homself te bewys as Israel se Beskermer (sien Eks 6:1-8)
- Sy krag en outoriteit te wys aan die Farao, die Egiptenare en ook die Israeliete (sien Eks 7:1-5)
- Oordeel te vel oor al die Egiptiese gode (Eks 12:12 "met al die Egiptiese gode sal Ek afreken")

God het bewys dat Hy alleen in beheer is oor die natuur en die fisiese wêreld en dat niks buite sy mag en beheer val nie.


## Dag 2 ( lees Eks 7:14–25)

**Plaag 1 ~ Water verander in bloed:** God verander die water in die Nyl, asook al die water in Egipte, in bloed. Die Farao se towenaars kon dit wel nadoen, maar kon dit nie omkeer nie. Die rivier was die basis van die Egiptenare se daaglikse lewe en nasionale ekonomie en dit moes vir hul verwoestend wees toe al die vis doodgaan en die water onbruikbaar raak. Die plaag het moontlik Egiptiese gode Apis, Isis, Khnum en Osiris (almal geassosieer met die Nyl) gediskrediteer.



**Kinders:** Kleur Prent 1 in. Sit ook rooi voedselkleursel in waterglase oral in jul huis (op die etenstafel, in die badkamer, langs die TV). Plaas die glase veral naby jul krane.

## Dag 3 ( lees Eks 8:1-15)




**Plaag 2 ~ Paddas:** In die Bybelse tyd, was paddas heilig in Egipte, want hulle was die simbool van lewe en vrugbaarheid en mag nie seer- en/of doodgemaak word nie. Dit moes vir die Egiptenare baie frustrerend wees om oral in hul huise, bakke en oonde paddas te hê, wat hulle nie eintlik mag wegjaag en/of doodmaak nie. Deurdat God die paddas gestuur het waar Hy wou en hulle ook weer laat vrek het, het Hy bewys Hy is verhewe bo die Egiptiese gode Heqt (god van paddas) en Isis, die vrugbaarheidsgodin. Weereens kon die Farao se towenaars die paddas naboots, maar hul kon dit nie omkeer nie.

**Kinders:** Kleur Prent 2 in. Knip verder klein ronde paddas, met dun bene, uit harde groen karton. Vou die bene in onder die paddas se lywe sodat dit lyk of hulle reg is om te spring. Sit die paddatjies oral in die huis neer!

## Dag 4 ( lees Eks 8:16-19)

**Plaag 3 ~ Muggies:** God het stof in muggies verander, wat die Egiptenare en ook hul diere se vel ge-irriteer het. Dit kan gesien word as `n aanval op gode soos Set (woestyngod), Kheper en ander aardsgode. Die Farao se towenaars kon nie hierdie plaag naboots nie en het gesê : "Dit is die vinger van God!" (Eks 8:19).



**Kinders:** Kleur Prent 3 in. Druk ook met `n gaatjiesdrukker `n klomp sirkeltjies uit papier. Plak hierdie klein sirkeltjies met kleeflint op jou lyf – hierdie irritasie sal jou herinner aan die muggies wat die Egiptenare gepla het.

**Het jy geweet?**

Die Hebreeuse woord vir Egipte is "*Mizraim*". Die Arabies vir Egipte is "*Misr*". *Misraim* was die seun van Gam, die vervloekte seun van Noag (sien Gen 10:6). Gam se seuns het hul in die streek van die hedendaagse Egipte gaan vestig en die Bybel noem ook dat die Filistyne uit die nageslag van Gam gekom het. Vandaar die Hebreeuse naam "Makot *Mitzrayim*" vir die 'Plae van Egipte'.


## Dag 5 ( lees Eks 8:20-32)

**Plaag 4 ~ Steekvlieë:** God het swerms steekvlieë gestuur oor die land, maar weereens het die plaag nie die Israeliete getref nie. Moontlik is gode soos Re, Uatchit en Kheper geteiken en van hierdie punt af het die Farao se towenaars ook nie meer probeer om die plae na te boots nie.



**Kinders:** Kleur Prent 4 in. Gebruik ook helder kleeflint om peper of klein stukkies swart papier oral in die huis te plak. Plak dit teen die mure, die vensters en die spieëls! So moes dit vir die Egiptenare gevoel het met al die vlieë rondom hulle!

## Dag 6 ( lees Eks 9:1-7)



**<u>Plaag 5 ~ Pes onder die vee:</u>** God het die vee, perde, kamele en ander diere van Egipte met `n pes getref en tien teen een gode soos Apis en Mnevis (beide word uitgebeeld as heilige beeste) geteiken. Net soos met die vorige plae, is God se volk beskerm, terwyl die Egiptiese diere vrek. God was besig om die Egiptiese ekonomie te vernietig, terwyl Hy ook sy vermoë om te sorg en diegene te beskerm wat Hom gehoorsaam, openbaar. Farao het selfs mense gestuur om te sien of die Israeliete net soveel verliese soos die Egiptenare ly. Sy hart het egter net harder geword teenoor die Israeliete, want niks het hulle getref nie.


**Kinders:** Kleur Prent 5 in. Plaas ook jou sagte speelgoed ("soft toys") onderstebo regdeur die huis. Dit herinner jou aan al die Egiptiese diere wat gevrek het.

**Het jy geweet?**

Die syfer 10 in die Bybel kan op `n paar dinge dui, soos PERFEKSIE (dink aan die 10 plae, 10 gebooie, Noag was die 10de geslag na Adam en Abraham weer die 10de geslag na Sem). Dit kan ook dui op MENSLIKE TEKORTKOMINGE en GODDELIKE VOORSIENING (dink aan die 10 spioene wat nie God se krag en voorsiening kon raaksien nie, die 10 melaatses wat nie hulself kon genees nie, die towenaars/ voorspellers wat 10 keer swakker as Daniel en sy vriende was).

## Dag 7 ( lees Eks 9:8-12)


**<u>Plaag 6 ~ Swere:</u>** Hierdie keer het God die Egiptiese mense en diere met swere getref. Die towenaars het kragteloos voor Moses gestaan, want hulle was self oortrek met swere en dit het ook op God se mag bo Egiptiese gode soos Sekhmet, Sunu, Isis, Imhotep, Hike, Thoth (almal gode van genesing, toorkrag en siektes) gedui.



**Kinders:** Kleur Prent 6 in. Druk klein sirkeltjies met `n gaatjiesdrukker uit rooi papier. Plak dié klein rooi kolletjies met kleeflint op jou lyf en dra dit vir `n rukkie. Mamma se lipstiffie sal dalk ook werk om "swere" op die lyf te maak! Vra net eers vir haar ☺

## Dag 8 ( lees Eks 9:13-34)


Net voor God die laaste drie plae gestuur het, moes Moses `n spesiale boodskap van God aan die Farao gee. Die volgende plae sal erger wees as die voriges en hulle sal van so `n aard wees dat die Farao en sy mense sal besef "dat daar op die hele aarde niemand soos Ek is nie" (sien Eks 9:14). Farao is selfs meegedeel dat God hom in hierdie posisie geplaas het, sodat God Sy krag en mag aan die hele wêreld kan bewys (vers 16).



**<u>Plaag 7 ~ Hael en vuur:</u>** Uit God se groot genade, waarsku Hy die Farao vooraf dat hy en sy mense hul vee en oeste moet beveilig. Sommige van Farao se amptenare het gehoor gegee aan die waarskuwing (vers 20), maar ander het nie. Hierdie plaag, wat die ergste was wat Egipte nog ooit beleef het (vers 18), het plante stukkend geslaan, bome geskeur en mens en dier wat buite was, getref met hael én vuur. Dit het waarskynlik gode soos Nut, Osiris, Set, Shu en Tefnet (gode van die weer, storms en opbrengs op oeste) gediskrediteer.

**Kinders:** Kleur Prent 7 in. Plaas ook ysblokkies buite rondom julle huis. Sit die ysblokkies op die gras, die stoep en buite op die vensterbanke. Dit sal lyk soos `n haelstorm wat deur jul tuin beweeg het.


## Dag 9 ( lees Eks 10:1-20)



**<u>Plaag 8 ~ Sprinkane:</u>** Net voor hierdie plaag het God vir Moses gesê dat die Israeliete eendag vir hul kinders en kleinkinders sal kan vertel van al die dinge wat hul God sien doen het in Egipte én hoe Hy sy mag geopenbaar het. Swerms sprinkane het oor die land gekom en elke stukkie plant wat die hael oorleef het, is opgevreet. Weereens is gode soos Nut, Osiris en Set (god van goeie oeste) kragteloos bewys, aangesien daar geen oes daardie jaar in Egipte sou wees nie.

**Kinders:** Kleur Prent 8 in. Knip ovaalvormige sprinkane uit harde bruin karton (soos julle met die paddas gedoen het). Dink aan nuwe plekke waar hierdie sprinkane vir Mamma en Pappa kan wegkruip!

## Dag 10 ( lees Eks 10:21-27)




**<u>Plaag 9 ~ Drie dae donker:</u>** `n Donkerte van drie dae het al die Egiptenare getref, maar die Israeliete het steeds lig gehad in hul woongebiede. Die songod Ra (of Re) is gesimboliseer deur die Farao en hierdie donkerte was klaarblyklik gemik op dié en ander lug-afgode soos Horus, Khepi, Mut, Nut en Seker.

**Kinders:** Kleur Prent 9 in. Gebruik swartsakke om voor jul vensters te plak. Hou die gordyne toe deur die dag en probeer om nie die lig aan te sit in die aand nie. Sjoe, dis donker!

## Dag 11 ( lees Eks 10:28 – 12:30)

**<u>Plaag 10 ~ Dood van die eersgeborenes:</u>** Met hierdie plaag het God sy kinders iets van geloof en vertroue geleer én dit het ook al begin wys na Christus wat in die toekoms sou kom. Die Israeliete het die vorige plae oorleef, bloot omdat hulle God se kinders was, maar hierdie plaag het `n geloofstap van hulle vereis. Hulle moes `n rammetjie, sonder liggaamsgebrek, slag en die bloed aan die lintel en deurkosyne smeer. Al die vleis van die lammetjie moes hulle ook daardie nag opeet. Enige gesin wat nie hierdie opdrag uitgevoer het nie, sou ook getref word deur dié laaste plaag.

In die Ou Testamentiese tyd was dit glo die gewoonte om `n offer te bring by die ingang na jou huis. So het jy die god wat jy dien se guns bekom om jou huis en gesin te beskerm. Deurkosyne/ ingange na wonings word gesien as van die eerste altare in die geskiedenis. Met die laaste plaag het God dus vir die Israeliete gewys dat hulle Hom kan vertrou om by die ingang van hul wonings te staan en hul gesin te beskerm.



Die engel van die Here het daardie nag deur die land beweeg en elke gesin wat nie die beskerming van die bloed gehad het nie, het `n eersgebore seun, en/of dier, aan die dood verloor. By gesinne wat beskerm is deur die bloed van die lam, het die engel van die Here slegs verby beweeg ("*he passed over*"). Elke gesin in Egipte is getref en so is die Farao, wat ook as `n god beskou is, geraak deur die God van Israel.

**Kinders:** Kleur Prent 10 in. Plaas ook rooi linte bo en langs jul voordeur. Wanneer jul bure daaroor uitvra, is dit sommer `n goeie geleentheid om te vertel van die wonder wat God gedoen het.

**Het jy geweet?**

Daar is nie Egiptiese rekords wat daarop dui dat die Tien Plae en die uittog wel plaasgevind het nie. Hoekom nie? Als het gebeur in `n tyd voor daar historici, nuusbronne en massa kommunikasie was. Egiptenare het ook nie graag stories aangeteken wat hulle laat sleg lyk nie. Daar is wel parallelle tussen die boek Eksodus en `n antieke Egiptiese gedig op papirus, die Ipuwer Papyrus (± 1300 vC), wat van chaos in dié land getuig. Van die plae word ook vlugtig in die Koran genoem.

## Dag 12 ( lees Eks 12:31–40)

**Die Israeliete trek:** Teen die tyd dat die Israeliete uit Egipte getrek het, het hulle `n duidelike idee gehad van God se krag, Sy beskerming en ook Sy plan vir hulle. Vir die wat geglo het, het hulle bewyse gehad dat hulle `n werklike, lewende God dien. Ongelukkig het baie steeds nie geglo nie, wat tot baie ander beproewinge en lesse deur God gelei het.



God het ook sy volk voorberei vir die trek uit die land en hul die opdrag gegee om vir die Egiptenare goud- en silwergoed, asook klere te vra. Nadat die laaste plaag Egipte getref het, het die Here gesorg dat die Egiptenare goed doen aan Sy volk en hulle is uit die land met al die buit wat hulle kon wegdra. (sien Eks 4:20 – 22 en Eks 12:36)

Die resultaat vir Egipte was dat hulle bang geword het vir God en sy mense, maar steeds het die Farao na die tyd sy hart verhard en sy weermag agter die Israeliete aangestuur. Wanneer God die Rooi See vir die Israeliete laat oopgaan en daarna die Egiptiese weermag laat verdrink, is Egipte se krag vernietig en `n vrees vir God het deur die omliggende nasies versprei (sien Jos 2:9-11). Dit was die doel wat God reeds aan die begin van die plae verklaar het.

**Kinders:** Kleur Prent 11 in.

## Dag 13 ( lees Eks 12:1–11, Eks 12:41–51, Lev 23:5)

**Die Paasfeesviering – toe en nou**: Die Here was baie spesifiek oor hoe sy feeste gevier moet word en Eksodus 12 - 13 en Levitikus 23:5 gee `n aanduiding van presies hoe die Paasfees (een dag voor die Fees van Ongesuurde Brood) gevier moet word.

Tydens die eerste Paasfees was die bloed van die offerlam aan die kosyne gesmeer as simbool dat God sy volk beskerm. In die jare daarna was die lam nie meer tuis geslag nie, maar wel by die Tabernakel en later by die Tempel in Jerusalem. Nadat die Tempel afgebreek is, het die Jode hulle daartoe gewend om dit simbolies te vier met die gebruik van die Seder Bord. Omdat Jesus dié profesie vervul het, is ons nie meer verplig om die fees te vier nie, maar kan ons dit doen ter nagedagtenis aan dit wat die Vader vir ons gedoen het.

**Die Seder Bord** ~ Die Pasga Seder Bord ("ke'ara" in Hebreeus) is `n spesiale bord wat simboliese kos bevat vir die Pasga-ete. Daar is altyd 6 tipes kos op die bord wat verwys na die uittog uit Egipte, wat die fokus is van dié maaltyd. Die 7$^{de}$ simboliese item is die 3 matzos, wat gewoonlik op `n aparte bord geplaas word. Die 6 tipes is:




- *Maror & chazeret*: dit is bitter kruie (gewoonlik peperwortel en blaarslaai) wat die bitter en swaarkry tye as slawe in Egipte uitbeeld.
- *Charoset*: die soet, bruin mengsel (gekapte neute, gerasperde appel, kaneel en soet rooiwyn) simboliseer die klei wat die Israeliete gebruik het om die stoorkamers in Egipte te bou.

- *Karpas*: `n groente (gewoonlik seldery, gekookte aartappel of pietersielie) wat in soutwater gedoop word aan die begin van die Seder. Die soutwater simboliseer die trane van die Hebreërs en wanneer die groente daarin gedoop word, dink hulle terug aan die pyn toe hulle slawe in Egipte was.
- *Z'roa*: dit is die enigste vleis-item op die bord. Dit is gewoonlik `n stukkie geroosterde lam of skenkel en dui op die Pasga-offer wat altyd gebring is (die lam wat by die tempel in Jerusalem geslag is, dieselfde aand gerooster is en ook deur die gesin geeët is).
- *Beitzah*: `n hard gekookte eier wat die fees-offer is. Hier dui die eier op `n simbool van rou en die Jode rou dus oor die tempel in Jerusalem wat verwoes is.

**Kinders:** Kleur Prent 12 in en kyk of jul die 6 tipes kos kan onthou!

**Het jy geweet?**

Die Engelse term "Easter" en die gebruike van paashase en paaseiers is eintlik heidens. "Easter" is afgelei van die woord "Ishtar" (ook genoem Astarte, Eostre, Ostera en Eastre), wat as een van die liefdesgodinne, die Babeloniese godin van fertiliteit is. Die paaseiers en die haas was simbole van vrugbaarheid wat die lenteseisoen (dieselfde tyd as Pasga) vir die volk, hulle grond en diere sou bring. Daar is selfs paaseier-jagte gehou in die naam van Astarte en vrouens wat eiers gevind het, is geglo om "geseën" te wees met `n baba in die komende jaar. "Easter", paaseiers, paashase en "hot cross buns" het dus niks met Paasfees en Jesus se opstanding te doen nie.


## Dag 14 ( lees Joh 18:29 – 19:42)

**Hoe het Jesus die Pasga vervul?** Vir 1500 jaar het die Jode `n lam gebring as offer tydens Paasfees. Die bloed van die lammetjie kon hul sonde egter net bedek, maar nie wegneem nie. God het profete gestuur om aan die mense te verduidelik dat daar eendag in die toekoms `n menslike lam sal kom wat finaal sal afreken met die dood en sonde. So het Jesaja in 740vC gekom en `n baie duidelike beskrywing gegee van wat gaan gebeur (lees Jes 53). God het ook vir Johannes die Doper as profeet gestuur om mense bewus te maak van Jesus. Johannes die Doper het Jesus voorgestel met dié woorde: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (sien Joh 1:29). Die volgende dag het hy wéér vir Jesus so genoem in Joh 1:36.

Daar is verskeie sienings oor die presiese detail van wanneer die kruisiging plaasgevind het (dag van die week, ens), maar die meeste stem op die volgende saam, gebaseer op die Nuwe Testament en ou Joodse praktyke. Ons weet ook dat God `n God van detail is, so ons kan onsself maklik met die volgende ooreenkomste vereenselwig.

1. God sê in Eksodus 12 dat die paaslam op die 10$^{de}$ dag van die 1$^{ste}$ maand (Nisan) opsy gesit moet word.
   - Jesus is ook so uitgewys en uitgesonder met sy intog in Jerusalem. Die skare het "Hosanna!" geskree tydens die intog op `n donkie en Hom vereer deur palmtakke en klere voor Hom neer te gooi. Volgens sekere historiese berekeninge vanuit Joh 12:1, was dit ook die 10$^{de}$ van die maand Nisan toe Jesus Jerusalem binne gegaan het.
2. Volgens Eksodus 12 moet die paaslam eenkant gesit en dop gehou word van die 10$^{de}$ tot die 14$^{de}$ van die maand Nisan, om seker te maak dat die lam vlekkeloos en perfek is.
   - Jesus is ook so deur die godsdienstige leiers dop gehou en getoets vir die vyf dae nadat Hy in Jerusalem aangekom het. Hulle het sy outoriteit bevraagteken (sien Mat 21:23 – 27) en als probeer om Hom in `n slegte lig te stel, maar Hy het elke keer foutloos opgetree. Selfs Pontius Pilatus erken aan die einde: "(dat) julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie" (Joh 19:14).

3. Die Jode se 24 uur dag bestaan (baie rofweg beskryf!) as eerstens 12 ure nag (van 6nm wanneer die son sak tot 6vm wanneer die son weer verskyn) en dan 12 ure dag (vanaf 6vm tot 6nm). (Ons volg die Gregoriaanse kalender waar `n nuwe dag om middernag begin.) Die Jode het altyd vanaf 9vm op die dag van die Pasga-vierings begin met die voorbereidings, sodat die lammers teen 3nm geslag kan word en als kan klaar wees vir ete voor 6nm, wanneer die volgede dag begin.
    - Jesus is volgens Markus op dieselfde uur gekruisig. Mark 15:25 sê: "dit was nege-uur die môre (dus die 3^de uur van die Joodse dag), toe hulle Hom gekruisig het".
    - Markus het ook die tyd aangeteken wat Jesus dood is. Dit was die 9^de uur van die dag (dus 3nm), net mooi die tyd toe die ander offerlammers by die Tempel geslag is (sien Mark 15:33 – 37).
4. God gee ook die opdrag in Eksodus 12 dat die lammers se bene glad nie gebreek mag word nie.
    - Volgens die Skrif is Jesus se bene ook nie gebreek nie, want Hy was reeds dood. Mense wat gekruisig is, se lyf het afgesak en dit het asemhaling bemoeilik. Hulle het hulself dan met hul hakke opgestoot vir nog `n asemteug. Die soldate het dan die gekruisigdes se bene gebreek sodat hul nie hulself kan opdruk nie. Dit het die dood vinniger laat intree. Die bene van die 2 diewe langs Jesus is gebreek, maar toe die Romeinse soldate by Jesus kom, het hulle gesien Hy is reeds dood (sien Joh 19:30 – 37) en dus nie Sy bene gebreek nie.
5. Eksodus sê dat die hele paaslam opgeëet moet word; niks mag oorbly nie.
    - Die Joodse godsdienstige leiers het die profesie ook so vervul deurdat hulle ingestem het dat Jesus se liggaam vinnig verwyder moes word voor 6nm.



Dink gerus terug aan dié geskiedenis en als wat God vir ons gedoen het. Hy het sy Seun gestuur, om vir jou te sterf en so het die bloed van die Lam ook vir jou vrygemaak. Paulus vat dit mooi saam in 1 Kor 5:7 "**Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus."**

**Verwysings:**


Agape Bible Study, 1998. *The Significance of Numbers in Scripture*. [aanlyn] Beskikbaar by: >http://www.agapebiblestudy.com/documents/The%20Significance%20of%20Numbers%20in%20Scripture.htm

Aish.com, 2001. *With the Ten Plagues, the laws of nature are turned upside down to free the Jews (Rabbi Ken Spiro).* [aanlyn] Beskikbaar by:> http://www.aish.com/jl/h/cc/48931787.html

The Bible Knowledge Accelerator, 1998. *Numbers and Scripture*. [aanlyn] Beskikbaar by: <http://www.bible-history.com/tabernacle/TAB4Numbers_and_Scripture.htm

Booker,R., 2009. *Celebrating Jesus in the Biblical feasts*. Shippensburg: Destiny Image Publishers.

Elim Interactive Are, 2012. *Die tien plae van vandag*. [aanlyn] Beskikbaar by: >http://elim.co.za/wp/shabbat-teachings/die-tien-plae-van-vandag/

Got Questions.org, 2002. *What was the meaning and purpose of the ten plagues of Egypt?* [aanlyn] Beskikbaar by: >http://www.gotquestions.org/ten-plagues-Egypt.html

PPPST, 2009. *Moses and the plagues of Egypt*. [aanlyn] Beskikbaar by: >http://biblestudy.pppst.com/exodus/plaguesofegypt.html

Protestantism@suite101, 2008. *The ten plagues of Egypt (Ronald G Falconberry)*. [aanlyn] Beskikbaar by: >http://ronald-g-falconberry.suite101.com/the-ten-plagues-of-egypt-a79933

Sampson, R en Pierce, L., 1997. *A family guide to the biblical holidays*. [e-boek] Heart of Wisdom Publishing.

Wikimedia Foundation, 2003. *Wikipedia*. [aanlyn] Beskikbaar by: >http://wikipedia.org